WAT HET VAN DIE WET GEWORD?

Hoeveel maal in jou lewe het jy al uitsprake gehoor en gelees soos: "Christus het ons vrygemaak van die wet" of "Ons is nie meer onder verpligting om die wet te hou nie" of "Oppas dat jy nie wetties raak nie" of "Die wet was bedoel vir die Jode, nie vir Christene nie"? Meeste van ons is gekondisioneer om enige godsdienstige verwysing na "wet" dadelik met die begrip "wetties" (Engels: "legalistic") in verband te bring. En wanneer daar slegs maar 'n moontlikheid is dat iets as "wetties" beskou kan word, is ons dadelik op ons hoede en dink ons aan ons Verlosser, Y'shua, se botsings met die Fariseërs en Paulus se talle waarskuwings dat ons nie deur die werke van die wet gered of geregverdig word nie, maar deur geloof.

Maar wat sê die Woord werklik oor die wet? Het die wet nog 'n rol te speel in ons lewe ... of behoort dit tot die "Ou Verbond" wat net van krag was totdat die Messias die "Nuwe Verbond" tot stand gebring het?

Om hierdie soort vrae rondom die kwessie van die wet te beantwoord, is dit nodig om die boodskap van die "hele Skrif" te hoor en ernstig op te neem en nie afleidings te maak wat die Skrif ons nie toelaat om te maak nie. Paulus skryf aan Timoteus: "Die hele Skrif is deur Elohim ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van Elohim volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus" (2 Tim 3:16,17). Die "hele Skrif" waarvan hy hier praat dui op die Ou Testament (die Tanach), dit wil sê die wet en die profete en die geskrifte, aangesien die Nuwe Testament as versameling nog nie bestaan het teen die tyd dat Paulus sy brief aan Timoteus geskryf het nie.

Dis belangrik om kennis te neem van die feit dat Paulus (wat dikwels daarvoor gekrediteer word dat hy die wet sou "afgeskaf" het) in een van sy heel laaste briewe so 'n duidelike uitspraak maak oor die blywende betekenis van die Ou Testament en veral daardie gedeeltes wat met lering, weerlegging, teregwysing en geregtigheid te make het. Die Hebreeuse woord wat normaalweg met "wet" vertaal word en wat as sambreelterm gebruik word vir elke opdrag van Yahweh in die Ou Testament, is "torah" en die basiese betekenis van "torah" vertoon opvallende ooreenkomste met die vier woorde wat in 2 Timoteus voorkom: "Torah = to point out; to direct; to show the right way; to teach; to instruct". Kan dit wees dat dieselfde Paulus wat vroeër in sy lewe sulke (skynbaar) "negatiewe" dinge oor die wet geskryf het, nou vir Timoteus skryf dat die torah 'n wonderlike gawe uit Yahweh se hand is, dat dit "nuttig" is in die geloof en dat dit ons vir elke goeie werk volkome toerus? Seker dié dat Petrus waarsku dat sommige van Paulus se briewe moeilik is om te verstaan en dat ongeleerde en onvaste mense dit verdraai en mense probeer saamsleep op hulle dwaalweg van wetteloosheid (2 Pet 3:15-17)! Is dit nie wat in ons dag tot 'n groot mate in baie kerke gebeur nie?

Kom ons kyk net eers na enkele uitsprake van die "hele Skrif" oor die wet (aanhalings uit "The World English Bible"):

Deu 4:8 What great nation is there, that has statutes and ordinances so righteous as all this law, which I set before you this day? (Die wet is absoluut volmaak en regverdig en onbersipelik, omdat Yahweh dit self gegee het)

Deu 30:9,10 Yahweh will again rejoice over you for good, as he rejoiced over your fathers; if you shall obey the voice of Yahweh your Elohim, to keep his commandments and his statutes which are written in this book of the law; if you turn to Yahweh your Elohim with all your heart, and with all your soul. (Yahweh verbly Hom oor diegene wat sy wet gehoorsaam)

Ps 19:7 Yahweh's law is perfect, restoring the soul. Yahweh's testimony is sure, making wise the simple. (Die wet is volmaak en bring heling en sekerheid en wysheid)

Ps 119:18 Open my eyes, That I may see wondrous things out of your law. (Feite is dat talle mense se oë vandag verblind vir die kragtige werking en waarheid van die wet)

Jer 31:33 But this is the covenant that I will make with the house of Israel after those days, says Yahweh: I will put my law in their inward parts, and in their heart will I write it; and I will be their Elohim, and they shall be my people (Die nuwe verbond beteken nie die wegneem van die wet uit ons lewe nie, maar die inplanting van die wet in ons harte)

Dan 7:25 He shall speak words against the Most High, and shall wear out the saints of the Most High; and he shall think to change the times and the law; and they shall be given into his hand until a time and times and half a time. ('n Duidelike profesie dat die Antichris of Anti-messias-gees van die laaste dae sal probeer om Yahweh se wet te verander)

Mic 4:1,2 But in the latter days, It will happen that the mountain of Yahweh's temple will be established on the top of the mountains ... And peoples will stream to it. Many nations will go and say, "Come, and let us go ... and He will teach us of his ways, and we will walk in his paths." For out of Zion will go forth the law, And the word of Yahweh from Jerusalem (Nog 'n duidelike profesie dat die tempel en die wet van Yahweh uiteindelik in ere herstel sal word)

Mal 4:4 Remember the law of Moses my servant, which I commanded to him in Horeb for all Israel, even statutes and ordinances. (Die heel laaste opdrag in die Ou Testament is dat die wet van Moses - met sy insettinge en verordeninge - nie vergeet moet word nie)

Mat 5:17-19 Don't think that I came to destroy the law or the prophets. I didn't come to destroy, but to fulfill. For most assuredly, I tell you, until heaven and earth pass away, not even one smallest letter or one tiny pen stroke shall in any way pass away from the law, until all things are accomplished. Whoever, therefore, shall break one of these least commandments, and teach others to do so, shall be called least in the Kingdom of Heaven; but whoever shall do and teach them shall be called great in the Kingdom of Heaven. (Die heel eerste verwysing na die wet in die Nuwe Testament is hierdie een waar Y'shua onomwonde verklaar dat Hy nie gekom het om die wet tot niet te maak nie, maar om dit volledig uit te voer - "vervul" in hierdie vers beteken volgens Thayers "to fulfil Yahweh's will as made known in the law")

Rom 6:15 What then? Shall we sin, because we are not under law, but under grace? May it never be! (Om "onder die wet" te wees, beteken vir Paulus om op die wet staat te maak vir jou verlossing en hierteen word baie ernstig gewaarsku. Ons mag nie onder die wet wees nie - die wet moet onder ons - of liewer IN ONS wees, sodat ons nie ons redding uit die werke van die wet probeer "verwerf" nie, maar ook nie langer in sonde lewe nie. 1 Joh 3:4 sê sonde en wetteloosheid is dieselfde)

Gal 2:19 For I, through the law, died to the law, that I might live to Elohim (Paulus sê hy het vir die wet gesterf, met ander woorde hy het "saam met" die Messias aan sy ou sondige natuur "gesterf" en sodoende "saam met" die Messias die wetlike straf vir sy sonde "uitgedien" - daarom is hy nie meer 'n dienskneg van die sonde nie en kan hy vir die eerste keer waarlik vir Yahweh lewe - vgl. Rom 6:11-12 en Gal 2:20)

Jam 1:25 But he who looks into the perfect law, the law of freedom, and continues, not being a hearer who forgets but a doer of the work, this man will be blessed in what he does (daar is hoegenaamd geen rede om te vermoed dat Jakobus met die woord "wet" iets anders bedoel as die "torah" waarin Yahweh self in duidelike terme aangedui het wat die onderskeid tussen reg en verkeerd is nie)

2 Pet 2:21 For it would be better for them not to have known the way of righteousness, than, after knowing it, to turn back from the holy commandment delivered to them (Juis dit waarteen Petrus

hier waarsku, word vandag in bedekte vorm van kansels af verkondig: "Noudat jy die weg van geregtigheid ken, kan jy maar jou rug draai op die wet waarvan die Ou Testament praat")

Rev 12:17 The dragon grew angry with the woman, and went away to make war with the rest of her seed, who keep Elohim's commandments and hold Y'shua's testimony (die ware gelowiges - volgens Johannes se visioen in Openbaring - is hulle wat nie die dier en sy beeld aanbid nie, wat nie sy merk op hulle voorhoofde of hande ontvang nie, wat Yahweh se gebooie hou en wat aan die getuienis van Y'shua as hulle Messias vashou)

Wat ons vandag in die meeste Christelike kerke beleef, is 'n klassieke voorbeeld van om die baba met die badwater uit te gooi. Die duidelike boodskap van die Skrif is dat ons nie deur die werke van die wet gered word nie, maar deur geloof in Y'shua die Messias. Hierdie boodskap moet bewaar en verkondig word. Maar nie op 'n manier wat die deur oopmaak vir wetteloosheid nie. Die Skrif sê ondubbelsinnig: Hulle wat hulle skuldig maak aan wetteloosheid sal nie die koninkryk van Yahweh binnegaan nie (vgl. Mat 7:23; Mat 13:41; Mat 23:28 en Mat 24:12 waar die Griekse woord "anomia" - wat beteken "om teen die wet te wees of te handel of sonder die wet te lewe" - telkens gebruik word). Dis tragies dat meeste mense meer bekommerd is oor wettisisme (legalism) - 'n woord wat nooit in die Skrif gebruik word nie - as oor wetteloosheid, waarteen daar talle waarskuwings in die Woord is.

Die ruimte ontbreek hier om in te gaan op die talle gestaltes van wetteloosheid in die wêreld waarin ons leef - en baie spesifiek in die lewens van diegene wat hulleself bestempel as "wedergebore christene". Meeste christene erken die geldigheid van die wet wanneer dit kom by moord en egbreek en diefstal. Waarom is daar so 'n weerstand rondom die vierde gebod (gedenk die sabbat, d.w.s. die sewende dag, dat jy dit heilig)? Waarom word daar so ligtelik omgegaan met die derde gebod (jy mag die Naam van Yahweh nie ydellik gebruik of vervals nie)? En wat van die verordeninge bo en behalwe die 10 gebooie wat deur Yahweh self gegee is om vir sy volk in fyner detail te leer wat dit beteken om Hom en ander mense waarlik lief te hê? Het ons werklik die reg om sy gebooie te sif en dié waarvan ons hou, te behou, maar die res weg te gooi?

Die Woord sê onomwonde: "Julle mag by die woord wat ek julle beveel, niks byvoeg nie, en julle mag daar niks van weglaat nie; sodat julle die gebooie van Yahweh julle Elohim mag onderhou, wat ek julle beveel" (Deut 4:2; vgl. ook Deut 12:32 en Openb 22:18,19). Ek dink die tyd het aangebreek om hierdie waarskuwing ter harte te neem, voor Yahweh te bely dat ons na mense geluister het en nie na Hom nie en opnuut erns te maak met elke woord wat ons van Hom ontvang het.